Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

APRIL 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Overstrand se Burgemeester Dudley Coetzee het saam met eerwaarde dr. James Gray en kolonel Hayter ('n verteenwoordiger van die King's Royal Rifle Corps VK) die ikoniese nalatenskap van die HMS Birkenhead herdenk.

Verskeie MOTHS het in volle mondering opgedaag om eer te betoon aan hul kamerade wat hul lewens opgeoffer het toe die HMS Birkenhead 168 jaar gelede op die rotse geloop het. Hier verskyn, van links na regs, Peter Goldie, Mark Robson, Peter Dickens en Llewellyn Tiltman.

"VROUE EN KINDERS EERSTE"

Die Birkenhead se blywende nalatenskap gepas herdenk

Op 26 Februarie 1852 het die HMS Birkenhead – 'n stoom-fregat wat gebruik is om troepe na Algoabaai te vervoer – om ongeveer 2 vm. op 'n stikdonkernag op die rotse geloop 'n blote vyf kilometer van wat vandag as Danger Point bekend staan.

Van die 643 mense aan boord, het slegs sowat 193 oorleef. Baie van die troepe het in hul slaapkwartiere verdrink, terwyl die meeste van dié wat braaf genoeg was om oorboord te spring, óf die prooi van haaie geword het óf weens ontbering omgekom het.

Aangesien daar nie genoeg bruikbare reddingsbootjies was om almal na veiligheid te bring nie, lê die soldate se onsterflike roem daarin dat hulle op die dek bly staan het en toegelaat het dat die vroue en kinders eerste in die reddingsbootjies klim sodat hulle veilig aan wal gebring kon word.

Sedert daardie noodlottige nag, en selfs al is dit nog nooit amptelik in internasionale maritieme wetgewing opgeneem nie, word die Birkenhead se manier van doen – "vroue en kinders eerste" – internasionaal beoefen as die standaardprosedure om passasiers te ontruim.

Maar dit is nie HMS Birkenhead se enigste nalatenskap nie. Om skepe wat verby vaar te waarsku teen die gevaarlike rif langs die Gansbaaikus wat tot dié vaartuig se ondergang gelei het, is 'n vuurtoring in 1895 by Danger Point opgerig.

Hierdie vuurtoring dien nou as 'n werkende gedenkteken vir die slagoffers en oorlewendes van die Birkenhead-ramp.

Om hierdie ikoniese geleentheid te herdenk, kom lede van die Memorable Order of the Tin Hats (MOTHS) jaarliks byeen om eer te betoon aan die soldate wat so dapper hul lewens opgeoffer het sodat die vroue en kinders gered kon word.

Vanjaar het eerwaarde dr. James Gray die gedenkdiens gelei wat gehou is by die Birkenhead-gedenkteken met sy uitsig oor die rots waarop die skip tot haar tragiese einde gekom het.

Ook op hierdie dag het bote, beman deur *Marine Dynamics*, *Dyer Island Cruises*, *White Shark Projects* en *Shark Lady Adventures*, kranse ter see gelê, onderwyl 'n roerende vertolking van *Amazing Grace* deur Deon Naudé op sy trompet beelde voor die geestesoog geroep het van die doodsangs, vrees, harwar en uiterse wanhoop wat beide die passasiers en bemanning op daardie vreeslike nag moes ervaar het.

Op land is kranse gelê deur Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee, kolonel Hayter (King's Royal Rifle Corps VK), lt.-kolonel Coetzee (Gansbaai-SAPD), Julia Barlow (Gansbaai-GPF), Glenda Kitley (Gansbaai-toerisme), Peter Dickens (lid van die SA-legioen), MOTH Leonard Marais (Battledress Shellhole), MOTH Flip Basson (Dawn-patrol Shellhole), MOTH Peter Goldie (Seagull Shellhole), MOTH Niel Bright (Motorfietsvereniging), MOTH Vanessa Chambers (Koninklike Vlootvereniging) en MOTH Ketih Gelvin (HMS Gansges-vereniging). Ricky de Wet, bevelvoerder van die Battledress Shellhole, het die MOTH-gebed voorgedra.

Artefakte wat van die HMS Birkenhead herwin is, kan besigtig word by die Great White House-restaurant in Kleinbaai sowel as by die Strandveldmuseum in Franskraal.

WEES BOBBEJAANBESTAND EN BEOEFEN GOEIE AFVALBESTUUR

Bobbejane word deur kos gelok en betree eiendomme met die uitsluitlike doel om iets te ete te vind.

Aangesien bobbejane geweldige skade aan jou huis kan aanrig, is dit noodsaaklik dat jy jou eiendom so doeltreffend moontlik bestuur in 'n poging om dit minder aanloklik vir bobbejane te maak.

Hou afval in beveiligde, bobbejaanbestande asblikke en beoefen goeie afvalbestuur.

Waar bobbejane nie 'n probleem is nie, word elke huishouding toegelaat om een rolvullishouer of vier swart sakke met huishoudelike afval vir verwydering uit te plaas. In alle gebiede wat deur die munisipaliteit as probleemdiergebiede geïdentifiseer is, moet houers egter beveilig word met bobbejaanbestande sluittoestelle. Let ook daarop dat in hierdie gebiede mag geen vullissakke op sypaadjies gelaat word nie.

Die verklaarde probleemdiergebiede in Overstrand is Kleinmond, Bettysbaai, Rooi Els, Pringlebaai, Onrus, Voëlklip, Fernkloof (met inbegrip van die gholflandgoed), Hermanus Heights, Eastcliff en Kwaaiwater.

Dit is uiters noodsaaklik dat huiseienaars ag slaan op hierdie reëlings en dat verhuurders en agente hierdie inligting ook onder huurders en vakansiegangers se aandag bring.

Daar word 'n beroep gedoen op naweekbesoekers om gebruik te maak van die aflaaipunte wat in hul gebiede beskikbaar is om van hul huishoudelike afval ontslae te raak. Vir u gerief is die oorlaaistasies ook gedurende weeksdae en op Saterdae oop. Voorts is die Overberg-grondopvulterrein ook elke dag van die week oop, maar gesluit oor naweke.

Bobbejaanbestande 240-liter-rolvullishouers met slotte kan by munisipale kantore gekoop word en sal by u huis afgelewer word. As 'n alternatief kan u bestaande vullishouer teen 'n addisionele koste met bobbejaanbestaande slotte toegerus word.

Ons het u volgehoue samewerking nodig om die bobbejaanprobleem te minimaliseer.

Die Verordening op Geïntegreerde Vaste-afvalbestuur bepaal ook dat afval slegs op die sypaadjie uitgeplaas mag word op die dag waarop dit afgehaal word aangesien dit nie raadsaam is om sakke vir dae aaneen buite te laat nie weens die moontlikheid dat rondloper diere die vullissakke sal verskeur en die hele wêreld met rommel besaai.

BOBBEJAAN HULPLYN
071 588 6540
rapporteer bobbejaanprobleme in Voëlklip

BOBBEJAAN HULPLYN
079 431 5956
rapporteer bobbejaanprobleme in Pringlebaai

LAAT *ELKE DRUPPEL* TEL

Suid-Afrika het NASIONALE WATERWEEK van 16 tot 22 Maart gevier. Selfs al is die meeste inwoners bewus van die droogte en doen hulle, hopelik, hul deeltjie om water te bespaar, wil Munisipaliteit Overstrand se omgewingsdepartement nogtans 'n paar handige WATERBESPARINGSWENKE deel wat met minimale moeite tuis geïmplementeer kan word:

- Draai die kraan toe wanneer jy jou tande borsel; moenie die water laat loop nie.
- Doen net wasgoed wanneer jy genoeg items vir 'n volle lading het.
- Indien moontlik, stort eerder as om te bad. Om vir vyf minute lank te bad, word ongeveer 35 liter water gebruik.
- Vang reënwater op deur reënwateropvangstelsels rondom jou huis aan te bring. Gebruik hierdie water vir tuinmaak- of wasdoeleindes.
- Maak lekkende krane en toilette reg, en installeer belugte krane.
- Sit 'n baksteen of bottel vol water in jou toilet se spoelbak om te verhoed dat dit heeltemal volloop.

Daar is baie maniere om water te bespaar. Al lyk hierdie pogings hóé gering, maak dit tog 'n verskil want elke druppel tel. Só kan jy water in die kombuis bespaar:

- Moenie die kraan onnodig laat loop tensy jy die water in 'n ander houer opvang nie. Moenie jou hande – of vrugte en groente – onder lopende water afspoel nie.
- Was vrugte en groente in 'n houer eerder as om hulle onder 'n lopende kraan af te spoel. As dit jou gewoonte is om 'n vergiettes vir hierdie doel te gebruik, sit 'n bak onder die vergiettes sodat die water opgevang word wat dan weer gebruik kan word om jou plante of tuin nat te maak. As jy bekommerd is oor kruiskontaminasie, wees gerus dat die kookproses hiervan werk sal maak.
- Kook jou kos in so min water as moontlik. Dit bespaar nie net water nie, maar verlaag ook die kooktyd. Kosse soos pasta en aartappels het net genoeg water nodig om gaar te word. Die bonus is dat as jy minder water gebruik, bly soveel meer van die smaak en nutriënte van jou groente behoue.
- Moenie water wat vir kookdoeleindes gebruik is, vermors nie. As jy water gebruik het om eiers of groente te kook, laat dit eenkant afkoel en gebruik dit dan in die tuin.
- Terwyl jou rys, aartappels of pasta kook, sit jou groente in 'n stoomkoker en plaas dit bo-op sodat dit terselfdertyd gaar word. Jy sal water en tyd bespaar en al die nutriënte in jou groente behou – en jy sal agterna minder skottelgoed hê.

JONGTALENT IN DIE KOLLIG

Op Sondagmiddag 17 Mei gaan Overstrand Arts/Kunste (OAK) twee jong kunstenaars wat tans aan Universiteit Stellenbosch se Konserwatorium studeer op die verhoog in die Hermanus Ouditorium verwelkom. CAMERON WILLIAMS (klarinet) is voorheen as algehele wenner van die Nasionale Jeugmusiek-kompetisie aangewys en het sy voorgraadse studies aan die einde van 2019 voltooi. JOSHUA FRANK (ghitaar) het sy BMus in 2017 verwerf en is tans ingeskryf vir 'n meestersgraad in kognitiewe musikologie. Gesamentlik gaan die talent van hierdie duo gehore betower met unieke weergawes van werke deur Kovacs, Granados, Villa-Lobos, De Falla, Ponce, Piazzolla en Paganini.

Kaartjies is beskikbaar by die toerismekantoor (028 312 2629) en kos R150 (R60 vir studente). Rig navrae aan René du Plooy by 082 940 4238.

KOM ONS GESELS!

April se "Eerste Donderdag" netwerkgeleentheid word in Bettysbaai gehou

Munisipaliteit Overstrand het onlangs 'n nuwe inisiatief om op 'n gereelde grondslag met sy inwoners skouers te skuur, van stapel gestuur. Hierdie geleenthede word op die Eerste Donderdag van elke maand gehou en het te doel om:

Aan Overstrand se inwoners 'n platform te bied om hulle sê te sê – ongeag of hulle met 'n nuwe idee vorendag wil kom en of hulle hul kommer wil lug oor kwessies waarmee hulle te kampe het; en

Aan die Burgemeester en sy span 'n geleentheid te bied om inwoners van aangesig tot aangesig te ontmoet met die doel om wedersydse begrip vir die publiek se behoeftes en aspirasies te skep.

Almal is welkom by "Eerste Donderdag"-vergaderings en hulle word so bondig as moontlik gehou sodat soveel as moontlik mense geakkommodeer kan word. Daar is geen vaste sakelys nie, en dit is ook nie nodig om vooraf op die uitnodiging te reageer nie.

Daag bloot op en wees bereid om op 'n opbouende wyse aan die gesprekke deel te neem.

In April gaan die "Eerste Donderdag" -vergadering op Donderdag 2 April 2020 van 17:00 tot 19:00 by die Crassula-saal in Bettysbaai gehou word.

Hierdie is die eerste keer dat 'n vergadering van hierdie aard buite die Groter Hermanusarea gehou word. Inwoners van oral in Overstrand is baie welkom om aan te sluit en word die versekering gebied dat hierdie inisiatief binnekort ook in ander dorpe ontplooi gaan word.

#LETSTALK 17:00 – 19:00 Crassula-saal, Bettysbaai Eerste Donderdag 2 April 2020.

Sluit gerus by ons aan!

SÊ JOU SÊ

Die publiek word daaraan herinner dat hulle tot 28 April 2020 het om kommentaar te lewer op Munisipaliteit Overstrand se hersiene en gewysigde konsep- geïntegreerde ontwikkelingsplan (GOP) vir 2020/21, die konsep- geïntegreerde afvalbestuurplan (GABP) nou in sy vyfde generasie en die konsepbegroting vir 2020/21.

Hierdie konsepdokumente word op 25 Maart 2020 in die Raad ter tafel gelê.

Die dokumente lê ter insae by alle munisipale biblioteke en kan ook onder "strategic documents" op die munisipaliteit se amptelike webwerf by www.overstrand.gov.za besigtig word.

ONWETTIGE STORTING ERNSTIGE BRON TOT KOMMER

Wetstoepassingsbeamptes het onlangs handjie bygesit om Overstrand se afvalbestuurspan te help om die berggebied oorkant die Gateway-sentrum in Hermanus skoon te maak.

Soos duidelik blyk uit die foto's wat hulle geneem het, is daar voldoende bewyse dat onwettige storting in Overstrand 'n groot bron tot kommer is aangesien hierdie gewoonte nie net 'n bedreiging vir ons omgewing en die see inhou nie, maar ook ons inwoners se gesondheid in gevaar stel.

Die stryd om afval te bekamp, kan egter nie bloot deur skoonmaakoperasies soos hierdie gewen word nie.

"Mense moet bedag wees op wat hulle weggooi, en hoe en waar hulle dit doen," het Craig Mitchell, bestuurder: vaste afval, gemaan.

"Seer seker weet almal teen hierdie tyd dat om plastiekbottels, skyfiepakkies en sigaretstompies goedsmoeds weg te gooi 'n groot probleem veroorsaak. Ongelukkig blyk dit dat die wêreldwye pleidooi om minder plastiek te gebruik, op dowe ore val. Dink asseblief mooi na oor die afval waarvan jy op 'n daaglikse basis ontslae raak, en moet asseblief nie rommel strooi nie."

Onwettige storting kan gerapporteer word aan Overstrand se wetstoepassingsafdeling by 028 313 8996.

Insgelyks, as jy bewus is van plekke waar mense onwettig plak of uitkamp, kontak wetstoepassing of bel die munisipaliteit se 24-uur-beheerkamer by 028 313 8000/8111 onverwyld.

VOORTAAN KAN GEBRUIKERS VAN MT. PLEASANT-BIBLIOTEEK OP NET DIÉ BESTE REKEN

Biblioteekassistent, Joslene Goliath, span die skandeer- en drukfasiliteite in om 'n afskrif vir 'n besoeker te maak.

Phuthumani Pono verduidelik aan 'n biblioteekgebruiker hoe sy via die nuutgeïnstalleerde rekenaars gratis toegang tot die internet kan verkry.

Danksy splintenuwe rekenaars wat netjies in effe-private afskortings aangebring is en 'n hele boedel hulptoerusting wat voortaan tot gebruikers se beskikking gestel kan word, kan die Mt. Pleasant-biblioteek met reg daarop roem dat hy nou gerat is om inwoners se alledaagse bestaan soveel makliker te maak.

Aangesien hul dienste steeds primêr daarop afgestem is om inligting tot voordeel van die algemene publiek en veral leerders te ontsluit, is die biblioteek se personeel veral in hul noppies dat biblioteekgebruikers voortaan gratis toegang tot die internet kan geniet.

"Aangesien sommige van ons besoekers dalk nie so bedrewe in die gebruik van inligtingstegnologie is nie en dalk 'n bietjie hulp nodig gaan hê om hierdie vaardighede te bemeester, is ons in die bevoorregte posisie om ook te sê dat 'n kenner op hierdie gebied, Christopher Samboer, ingewillig het om handjie by te sit," het die hoofbibliotekaris Miralda Coert bygevoeg.

Christopher, 'n IT-tegnikus, gaan elke Woensdag opleiding aanbied oor hoe om woordverwerking-, sigblad- en skyfieprogramme te gebruik asook hoe om, byvoorbeeld, databasistoepassings in te span.

Op die koop toe kan swart-en-wit-dokumente nou vir so min as een rand per blad by die biblioteek geskandeer en gekopieer word. **Die Mount Pleasant-biblioteek is geleë te Heidestraat en is oop van 08:00 – 17:00 op Maandae tot Donderdae en van 08:00 – 16:30 op Vrydae. Die biblioteek kan gekontak word by 028 313 8015/8984.**